
# *WINDE VAN VERANDERING*
# WAAI DEUR SUID-AFRIKA



Sal **JY** dit deur die storm maak?

Hallo Nuwe Suid-Afrika

Dis VERKIESINGSTYD vir die hele Suid-Afrika! Ja, dis voorwaar 'n NUWE S.A., want die NUWE NASIONALE PARTY het S.A. geliberate van al die spoke van die verlede. APARTHEID IS DOOD/FW en die NUWE N.P. het vergiffenis gevra vir die mistakes van die verlede en dit sal nooit weer herhaal word nie. Ons kan nou uitkyk na vrede en voorspoed vir almal in S.A.

Ek en Uitsmyt kom al lankal aan - maar wysheid kom saam met grysheid - alleen die NEW NATS het die knowhow en experience om ons deur hierdie deurmekaar jare te lei. Ten spyte van die ANC se boikotte, sanctions, violence, stakings (... dit het ons almal gerob van jobs, huise, opvoeding en opportunities...), het die NUWE N.P. vir almal in S.A. gesorg - die NUWE N.P. het hom keer op keer geprove! Met al die dinge uit die way uit, kan S.A. en al sy mense hul beste potensiaal realise.

O ja, die ANC/KOMMUNISTIESE/COSATU spul (Grrr!, toemaar Uitsmyt moenie my stoel opvreet nie...!) Ai, wie is nie al siek vir hollow promises, necklace, brand, violence, stakings, armoede, skoolboikotte en werkloosheid nie. Netnou is daar boggerol oor om te rule. Die spul boer net agteruit en dan wil hulle nog Kommunisme (iets soos die Antichrist!) in ons kele kom force. (Uitsmyt ... hulle't wragtig niks wat my interest nie! ... hulle is net BAD NEWS!)

Hiermee invite ek en my familie julle om saam met ons die NUWE NP familie te join - waar Colour geen rol speel nie en familiewaardes soos jou Geloof/Kerk en gesinslewe, opvoeding en werk gerespekteer word.

Laat jou vote vir jou net die beste koop wat SA kan bied - die NUWE NASIONALE PARTY/ALMAL SE PARTY!

Groete van huis tot huis.
(... en hoesit vir jou poodle - Van Uitsmyt)

**UNCLE EN UITSMYT**

(OK, Uitsmyt ... jy word minister van die SPCA!)

MELD INTIMIDASIE AS VOLG BY NP AAN:

| | KONTAK PERSOON | TELEFOON | FAKS |
|---|---|---|---|
| KAAPSTAD | Tommie Immelman | (021) 23-4156 | (021) 23-8440 |
| KIMBERLEY | Charl de Beer | (0531) 81-1927 | (0531) 21-962 |
| OOS-LONDEN | André Smit | (0431) 53-260 | (0431) 51-881 |
| PORT ELIZABETH | Johan Muller | (041) 54-3347 | (041) 57-2053 |
| BLOEMFONTEIN | Johan van der Merwe | (051) 47-3365 | (051) 46-6935 |
| NATAL | Ferdi Labuschagné | (031) 301-2737 | (031) 304-5886 |
| VERRE NOORD | Danie Botha | (01521) 91-1717 | (01521) 91-4405 |
| OOS-TRANSVAAL | Ria Mills | (0136) 31-1407/6 | |
| WITSVAAL | Kobus Vermaak | (011) 314-2005 | (011) 314-1032 |
| PRETORIA | Joggie Boers | (012) 43-6747 | (012) 43-3343 |
| WES-TRANSVAAL | Henk Geels | (018) 462-9974 | (018) 462-4175 |

Alle regte voorbehou. Geen deel van hierdie publikasie mag in enige vorm gereproduseer word sonder voorafgaande skriftelike toestemming van Market Media Uitgewers (Edms) Bpk. nie.


JOHN ABRAHAMSE EN SY SEUN CEDRIC IS BESIG OM OOR DIE KOMENDE VERKIESING TE STRY.
Wat het die NASIONALE PARTY in amper 'n halfeeu vir ons gedoen, Pa?
Jy is op universiteit, ons het 'n dak oor ons hoof en ek het 'n goeie inkomste. Wat vra jy nog, Cedric?
Die question is: waar moes ons nie al gewees het nie?
Pasop! Onder die Comrades was jy dalk al genecklace.
Nonsens Man! Wat het gebeur sedert die Nasionale Party onder Pres. FW Mandela vrygelaat het? Moord en doodslag...
Weet Pa dan nie van die Derde Mag nie? Die Regering is daarvoor verantwoordelik.
Die waarheid is dat Mandela en sy ANC leiers weinig beheer oor hul volgelinge het.
UITSMYT, DIE ABRAHAMSE SE HOND, IS NIE SOMMER Só 'N BRAK NIE.
Mense soos Winnie Mandela en Mokaba het die ANC se true colours gewys. Die hemel bewaar ons as hulle ooit rule.
Winnie het vir my al te veel na die Power behind die Powder Keg gelyk ...
MIENA, JOHN SE VROU, HET ELKE WOORD VAN DIE ARGUMENT GEHOOR.
Ek sal nooit vergeet wat die NATS aan ons gedoen het nie.
My kind ons wil mos nie hê jy moet vergeet nie, maar ons het nou 'n NUWE NASIONALE PARTY!


Wat bedoel Ma?
As 'n man sy vrou klap, kan sy dit nie vergeet nie, maar hom tog vergewe.
My seun, daardie dag in 1992 toe Pres. De Klerk gesê het ***APARTHEID IS DOOD***, het ek groot respek vir hom gekry.
Ja, hy het sy eie toekoms en dié van sy party gewaag, maar nooit sy mind gechange nie.
Dissie 'n secret wie jou vote kry nie, my vrou.
Die ***NUWE*** **NASIONALE PARTY** natuurlik! Hulle het hulself geprove - nog voor 1992. FW is dapper, en ek het vertroue in 'n dapper leier.
*Kaf!* Wat anders het die Nasionale Party gedoen behalwe om Bruin, Swart en Indiër te onderdruk?
Kom ons gaan gesels met Uncle Ben. Hy is die enigste een wat sense in jou kop sal praat, Cedric.
Typical student. Ken die waarheid, maar domastrant en hardegat!
UNCLE HET FEITLIK DIE ABRAHAMSE GROOTGEMAAK. IN DIE BUURT WORD HY AS 'N WYSE MAN GERESPEKTEER.
Ai, my hele lewe flits verby my oë as ek so na al die kiekies kyk.


Besig met die past, Uncle?
Ook met die future, Miena. Dinge gebeur vinnig. **FW** is 'n vinnige werker.


Uncle is De Klerk en die Nasionale Party regtig eerlik?
Kom kyk na hierdie snaps, kind.


"DIT WAS EK AS KIND. GEEN SKOOL, BAIE ARMOEDIG EN GEEN TOEKOMSDROME NIE."



Ja, dit was 'n regte honnelewe, maar toe was daar nog nie 'n Pres. soos FW de Klerk nie.



En so lyk dinge vandag.


"VANDAG KAN KINDERS VAN ALLE RASSE STUDEER NET WAARVOOR HULLE WIL ... DANKSY DIE ***NEW* NATS**."


Hieroor huil ek elke keer as ek daarna kyk of sulke prente in die koerante sien.
"SEDERT MANDELA SE VRYLATING IS KINDERS DEUR COMRADES GEÏNTIMIDEER OM SKOLE AF TE BRAND. EN WIE LY? SKOOLKINDERS!"
Die ANC sal **nooit** so 'n gemors kan keer nie! Liberation before Education meen *'n hele generation beggars sonder brains!*
"SWART TEEN SWART - BROER TEEN BROER. DIE WAT NIE SAAM WOU STAAK EN PLUNDER NIE ... HULLE IS GRUSAAM VERMOOR"
Die liberators is nou die killers. Hulle skreeu freedom, maar saai die dood.
Matches ... of is dit Tyres Winnie en Kill the Boer/Farmer Mokaba is mos ANC. Dit is hulle soort "Democracy". Dink soos ons of *VREET TYRES!*


Maar wie sê die NASIONALE PARTY kan die violence stop as hulle die verkiesing wen.
Geen regering in die wêreld kan dit guarantee nie. Dit is ons, die mense van S.A. se verantwoordelikheid.
Die *NUWE* NASIONALE PARTY is die STERK MAN, die enigste party wat geweld kan stop. Die ANC en sy henchman is te vol draad en hatred.
Die ANC gebruik die jeug vir hul eie vuil gewin.
Wat my die meeste bekommer, is of ek my Here sonder enige vrees en vrylik sal mag dien indien die ANC die verkiesing wen.
Meneer Mandela het mos belowe ...
Die ANC se partner, die Communist Party se influence is sterk, my seun, en 'n kommunis glo nie aan God nie. Nie die God aan wie ek en jy glo nie.
Onder die NASIONALE PARTY het ons nog altyd die vryheid gehad om te aanbid wie ons wil.
Wat my finally geconvince het na die *NUWE* NASIONALE PARTY, is dat hulle erken dat hulle in die verlede mistakes gemaak het.
En FW en ander ministers het van public platforms af om verskoning vir die mistakes van die verlede gevra. *APARTHEID IS DOOD!*


Ja - Baas en Klaas het verdwyn net ek bly 'n brak ...! En geen kat is my equal nie!
Daar is slegs een guarantee vir 'n voorspoedige toekoms: Die NUWE NASIONALE PARTY. Hulle het die experience en die knowhow om almal te govern.
FW is so COLOUR-BLIND! Hy ry deur 'n rooi robot!
Ai, ek onthou nog toe ek op die plaas begin werk het. Mnr Minnaar, en ek was ewe oud ... maar ek het hom as "baas" aangespreek ...
Werklik, Uncle? Ons noem hom dan vandag oom Piet en hy noem jou Ben.
Ja, hulle sê vir mekaar meneer .. maar ek is sommer voertsek!!
En só het baie dinge onder die Nuwe Nasionale Party gechange. In 2 jaar onder FW het meer gebeur as in die 46 jaar onder die ou NP.


"VANDAG KAN ONS INSTAP WAAR DIT VOORHEEN VERBODE WAS. DIE PASWET, IMMORALITY ACT EN GROUPAREAS IS GESCRAP EN IS IETS VAN DIE VERLEDE. ALLES IS NUUT ONDER DIE NUWE NP!"
GROUP AREAS ACT
DISKRIMINASIE
MIXED MARRIAGES
PASS LAWS
APARTHEID
Maar daar word nog nie goed genoeg vir ons gesorg nie, Uncle.
Hoe kan die **NATS** dinge improve as Mandela vir sanctions gevra het? Die **NATS** bou, maar die ANC breek net af.
Die ANC het miljoene der miljoene Rande van oorsee ontvang. Glo om ook skole, huise en klinieke vir hul mense te bou. En wat sien ons? Niks! Gmff!
"DIE ANC SPANDEER 'n FORTUNE AAN POPCONCERTS. HOEVEEL HUISE KON DIT NIE GEBOU HET NIE"
"MILJOENE RANDE IS VAN OORSEE DEUR DIE ANC ONTVANG OM ARMOEDE ONDER SY EIE MENSE TE BEVEG, MAAR DIT IS WAT ONS ELKE DAG SIEN. ***WAT HET VAN DIE GELD GEWORD?***
Sommige ANC leiers wil kinders liewer gewere gee. Wie kan nou 'n geweer eet? Die ANC het 'n armed wing, maar waar is hulle welfare wing?


"MENSE STERF AAN SIEKTES ... EN DIE NUWE NP REGERING MOET HELP. WATTER HULP ONTVANG SIEKES VAN DIE ANC EN SY KOMMUNISTIESE VRIENDE? SWEET NOTHING AT ALL!! HULLE WEET HOE OM TE STAAK!
En wat van al die reise van die ANC leiers? Word selfs met Hollywood sterre afgeneem. Uncle moet sy pensioen mooi watch, netnou vat Mandela dit vir Wealth Tax!
Oorsee het Mandela geld gebedel, net vir die ANC, maar die Nasionale Party se leier het geld gevra vir AL die mense van Suid-Afrika.
Ja, by FW is dit SUID-AFRIKA EERSTE, maar by Mandella is dit: DIE ANC EERSTE.
G'n wonder hy't vir Winnie verloor nie.
Onder 'n ANC-regering kan so maklik geskreeu word: KILL A COLOURED ... KILL A FARMER!


Of ... wee, o, wee ...: KILL A BRAK ... KILL A KAT! Of, kill a Stompie ... *o gaats!*
Cedric, julle studente moet ligloop vir al die hollow promises van die ANC.
Wat my laat worry, is dat Mandela serious is as hy veertienjarige kinders die vote belowe.
Daai punt moet ek toegee - ek wil nie hê Mandela se Creche moet oor my land regeer nie.
Kan jy imagine die chaos as snot-kop radicals die vote kry? *Imagine nogal! 14 Jaar!*
Julle is besig om my te oortuig dat my ... en ons land se heil by die Nasionale Party lê.
Imagine ministers met kortbroekies en keppies.


IN UITSMYT SE POLITIEKE BREIN WORD DIE KIESER VAN DIE TOEKOMS GEBORE ... MIKE SIBASA! 14 JAAR OUD!
Lyk my as 'n man ouer word, word hy weer soos 'n kind, of kêns. Imagine 'n MP wat 14 jaar oud is!
Ek bied jou die stemreg aan, Mike Sibasa!
Dankie, Mandela. En nou dat ek die stemreg het, moet jy ook maar ligloop, ou man!
MIKE IS 14 EN 'N ANC/KOMMUNIS-COMRADE.
Waar gaan jy heen, ou vrou?
Kerk toe.
Jy sal nie meer kerk toe gaan nie! Daar is geen God nie! Die regering is jou god!
Asseblief ... ek wil Kerk toe gaan!
Jy is ongehoorsaam aan my!


Ek is oud genoeg om jou ma te wees ...
Ek is stemgeregtig! Ek is 'n people's soldier!
Soebat, ou vrou... Ek kan dalk eendag the people's president word!
Hy kan nie eers sy neus afvee nie, en hy en sy tsotsi-14-jariges beveel en slaan ou mense rond!
Jy het my geroep, Comrade!
Haal jou hoed af as jy met my praat!
Ek sê, Comrade, ek het mos saam met jou gemarch, skole afgebrand en karre met klippe gegooi ... ek was deel van die struggle.
Smyt weg jou kitaar! Jy gaan 'n AK47 kry, en my orders obey!


Snotkoppie, jy shave nog nie eers nie en jy wil baasspeel oor my! Ek slat jou sommer in jou bek!
Die ANC-SAKP-COSATO het julle spul jonges gebruik ... en nou is ons klaar met julle! Vat so! *Julle was useful IDIOTS.*
"JONG MENSE, WEES VERSIGTIG VIR WIE JULLE STEM. 'N STEM VIR DIE ANC EN SY BEDMAATS KAN JOU DALK BEROOF VAN 'N GOEIE GELEERDHEID, WERK, AL'S WAT VIR JOU HEILIG IS OF SELFS JOU LEWE".
Luister! Ek kan dalk een van die dae jou president wees! Ek is 'n voter!
Die kinders het lekker saam met die ANC en COSATO getôi-tôi, maar onder 'n ANC-regering sal julle swoeg, en julle smoele moet hou, of 14-jariges sal jou regsien.
Waarom kap De Klerk nie terug as Mandela hom so vals accuse nie, Ma?
Die leier van die Nuwe Nasionale Party het belangriker werk om te doen as om Mandela te accuse.



Buitendien, President De Klerk tree altyd soos 'n ware gentleman op. Hy daal nie af na die vlak van sy accusers nie.
Kyk net wat het Allan Boesak nou die dag kinders voorgesê om voor klasse te skreeu.
Ja, hulle moet onderwysers stilmaak en skreeu dat FW 'n skelm is. Hy leer hulle dus om ongehoorsaam te wees!
Boesak sê mense moet selfs voor kerkdienste skreeu dat die president 'n skelm is. Niks is meer heilig nie.
Boesak se ANC wou ook miljoene T-shirts invoer terwyl duisende van ons werkloos is! *Die man is nie in touch met ons needs nie.*
Mandela sê: Secure jou future met die ANC, maar dan vat die ANC die kos uit julle monde? Sies!
Kan ons werklik, werklik die **NATS** vir die future vertrou, Ma?
Het die **NATS** ooit iemand genecklace of met AK47's afgemaai of skole en klinieke afgebrand, my seun?



Ek en 'n paar maats was self eendag op 'n ANC-rally. Hulle het op ons geskree: *Julle is volgende, Coloureds!*
Pa weet ... ek was mos UDF.
En waar's die UDF nou? Die ANC het hulle reject. Hulle sê *julle was useful idiots*. So sal hulle ook met ons maak as hulle eers ons vote gekry het.
Ek is nie spyt dat ek vir die TRI-Cameral Parliament gevote het nie. Vandag pluk ons die vrugte daarvan.
Regtig Ma?
Ja my kind. Dit was die Parlement wat APARTHEID gescrap het, nie Mandela of Boesak nie. Daarom gaan my vote vir die **NATS**.
Ek wil veilig voel en nie in vrees lewe nie. Ek is siek van die geweld, moord en massa-aksies en intimidasie. Ek vote ook **NAT**.
*...and so say all of us...!*
Ek kan nie verstaan hoekom van ons mense, soos Boesak, die ANC support nie. Wat kry hy daaruit?
Hmpf!... Twee smart huise en rykdom in ruil vir sy preekstoel!


Ag pa, dis maar net die fashion - die ANC gebruik hulle, net soos hulle die UDF gebruik het en toe weggesmyt het.
En Uncle?
Ek kry 'n pensioen danksy die regering. Al is dit nie te veel nie. Ek is net bly alle mense, Wit, Bruin en Swart, het mekaar weer gevind.
Ek het nog al die jare in die NP geglo, maar **NOU MEER AS OOIT** - Ek stem vir die ***NUWE*** **NASIONALE PARTY**.
My *hart* is vol van wrok van die verlede en sê stem ANC, maar my *kop* sê **NAT**. Ek gaan my kop volg!
Ek is bly jou oë het betyds oopgegaan. Ons sal hond, ekskuus UITSMYT ... eet onder die ANC en sy kommunistiese vriende.
WAAT! Hondeet...! sien julle, *onder die ANC is selfs ek nie veilig nie!*
Jongmense, daar rus 'n groot verantwoordelikheid op julle: gebruik jou HART VIR LIEFDE EN JOU KOP VIR POLITIEK - **STEM VIR DIE *NUWE* NASIONALE PARTY!**
'n Mens maak swaar groot aan jou kinders. Moenie dat die ANC hulle misbruik en met hul toekoms speel nie. **DIT KAN HUL LEWENS KOS.**

Ten spyte van sanksies, aangevra deur Mandela en ANC, het FW en die NASIONALE PARTY nog steeds gesorg vir **alle** mense, pensioene, skole, hospitale.



Niemand mag jou intimideer nie! Die polisie gaan hard slaan! Vat revenge by die stembus! **STEM *NUWE* N.P.!**




- **Jongmense** - *moenie toyi-toyi met jou toekoms nie!*
- **Vrouens** - *beskerm jou gesin met jou stem!*
- **Mans** - *verseker die welvaart van jou gesin!*
- **Oupa/Ouma** - *onder wie is jou nageslag ... en jou pension safe ...*

... die ***NUWE*** **NASIONALE PARTY**
natuurlik!!!


HOE LYK JOU TOEKOMSTIGE PRESIDENT ...!





"MANDELA EN SY 14-JARIGE CRECHé WAT OOR JOU SAL REGEER ... O WEE!"

**OF**



**FW DE KLERK EN SY *NUWE* NP.** NOU MEER AS OOIT! **STEM NUWE NP! SUID-AFRIKA EERSTE!**



Pres. F.W. de Klerk

NP

Nasionale Party

**Bouers van 'n Beter Nuwe Suid-Afrika**


- Die man met 'n **visie** vir Suid-Afrika!
- Hy dra **jou** belange op die hart!
- Sy **leuse** is:

***GEREGTIGHEID***

***VREDE***

***VOORSPOED***

vir **almal**!




**Opgestel** in samewerking met Pieter Marais, Burgstraat 40, Kaapstad, 8001. **Uitgegee** deur Market Media Uitgewers (Edms) Bpk., Posbus 3158, Delft, 7100. **Gedruk** deur Derek Butcher & Co (Pty) Ltd., Posbus 242, Kaapstad, 8000.